# ATLETE VIR CHRISTUS

HARDLOOP, SING & GESELS VIR CHRISTUS




2026

## SALDANHABAAI-HARTENBOS

*Sedert 1975*

# 2026 TOERROETE




| Datum | Vetrek dorp | Oornag dorp | Afstand |
|---|---|---|---|
| 26 Junie - 28 Junie | Stellenbosch | Saldanha (Voortoerkamp) | |
| 29 Junie | Saldanha | Clanwilliam | 167,32 km |
| 30 Junie | Clanwilliam | Vredendal | 81,84 km |
| 1 Julie | Vredendal | Calvinia | 143,06 km |
| 2 Julie | Calvinia | Sutherland | 160,54 km |
| 3 Julie - 5 Julie | Sutherland | Williston (Naweekdorp) | 137,09 km |
| 6 Julie | Williston | Carnarvon | 128,09 km |
| 7 Julie | Carnarvon | Beaufort-Wes | 177,74 km |
| 8 Julie | Beaufort-Wes | Willowmore | 148,47 km |
| 9 Julie | Willowmore | Oudtshoorn | 145,71 km |
| 10 Julie - 11 Julie | Oudtshoorn | Hartenbos (Naweekdorp) | 80,68 km |
| 12 Julie - 14 Julie | Hartenbos | Stellenbosch (Natoerkamp) | |




## Toer saam met ons!!!

Hierdie QR-kode sal u na ons Saamtoer-groep op WhatsApp neem. Hierdie groep is ons hoof kommunikasieplatform vir foto's, stories en om almal op datum te hou met ons reis.




**Beatri Turner** (068 794 0883)
**Jano Reynolds** (071 863 2190)
**Lize Taljaard** (083 454 2065)

# Wie is ons?

Ons is 'n groep van 24 studente vanaf Kruiskerk, Stellenbosch, wat vanjaar met dankbaarheid en opgewondenheid deel is van Atlete vir Christus se 51ste uitreik na ons naaste—'n merkwaardige mylpaal sedert die ontstaan van die groep in 1975. Ons doel is tweevoudig:

1. Om God die Vader, Jesus Christus sy Seun en die Heilige Gees te verkondig, soos dit saamgevat word in ons leuse: "Ons hardloop, sing en gesels Christus."
2. Om fondse in te samel vir evangelisasiewerk wat Bybelmedia in Suid-Afrikaanse gevangenisse doen.

Elke lid van die span vervul 'n unieke rol op hierdie toer. Die atlete lê daagliks afstand af tussen dorpe op 'n aflosbasis, terwyl die sangspan saans optree om die evangelie en die doel van ons toer met die gemeentes te deel. Die toer bied aan die spanlede en die gemeentes wat ons huisves die geleentheid om God se liefde prakties te ervaar — of dit nou deur 'n boodskap, 'n lied, of 'n persoonlike getuienis is.

Ons het ook vier Persoonlike Werkers wat help om die toer glad te laat verloop, asook gereelde Bybelstudies wat geestelike verdieping en ondersteuning bied aan elke spanlid. Waar moontlik, besoek ons ook gevangenisse of ouetehuise om die boodskap van hoop verder oor te dra.

Ons gebed is dat hierdie goue jaar van Atlete vir Christus nie net 'n viering van die verlede sal wees nie, maar 'n kragtige getuienis in die hede. Mag Jesus se liefde deur ons lewens sigbaar wees en ander inspireer om God ons Vader te loof en te prys!

Baie dankie vir u teenwoordigheid, belangstelling en ondersteuning.

AHOE! (Aan Hom Ons Eer)

**Email**
avc@kruiskerk.com
**Webtuiste**
kruiskerk.com/avc
**Instagram:**
atlete_vir_christus
**Facebook:**
Atlete vir Christus Fans

Groete van die span **TOERLEIERS**



Jano Reynolds, Lize Taljaard & Beatri Turner

## Jano (Toerpa)

Atlete vir Christus – n Uitreik van Stories

Ons verwys die laaste jaar baie na Atlete vir Christus as 'n uitreik van stories. Ek is bevoorreg genoeg om hierdie jaar vir 'n tweede keer deel te wees van die uitreik; om saam met God verder aan my eie storie te skryf. Wat Atlete vir Christus so uniek maak, is dat ons in 'n kort tydjie by baie gemeentes, dorpe en mense uitkom, en juis dít stel ons bloot aan soveel verskillende stories langs die pad.

'n Mens leer nogal baie wanneer jy net stil raak en luister na wat ander mense vertel. Elkeen van ons dra 'n storie saam: 'n lewe vol foute, genade, geluk, hartseer, seerkry, liefde en groei. Soms dink ons ons is die enigstes wat deur sekere dinge gaan, maar wanneer iemand anders hulle storie deel, besef ons hoe God in elke mens se lewe besig is. Ons het almal 'n storie om te vertel; ons moet net soms stil staan en luister — en wie weet, dalk leer ons 'n ding of twee van God en van mekaar.

Maar op die ou einde skryf ons nie alleen aan ons stories nie. Paulus skryf in Korintiërs: "Julle is 'n brief van Christus… geskryf nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God." Ons lewens mag dalk die ink op die bladsy wees, maar God is die Skrywer wat elke hoofstuk met genade en doel aanmekaar weef. Daarom kan ons eie stories ook vir ander iets van God wys, as ons bereid is om dit te deel en Hom toe te laat om daardeur verheerlik te word. Vir my is dit preises waaroor Atlete vir Christus gaan: om stories te hoor, stories te deel, en saam te ontdek hoe God besig is om elke hoofstuk met doel, liefde en genade te skryf.

## Beatri (Toerma)

Dit is vir my 'n ongelooflike groot voorreg om hierdie jaar een van die mede-leiers vir Atlete Vir Christus te wees en saam met die 2026 AVC-span vanaf Saldanha na Hartenbos te reis. Ek is opgewonde om vir 'n tweede keer op toer te gaan en die Here se teenwoordigheid te ervaar soos ons Hom langs die pad verheerlik en Hom in die mense op ons pad raaksien.

AVC het 'n dieper betekenis in my hart kom oopsluit, want net soos elke atleet daagliks, ten spyte van die moegheid of opdraandes, hul skof voltooi, verheerlik ons Christus elke dag wat ons besluit om die marathon van die lewe vir Hom aan te pak. Ons hardloop, sing en gesels tot eer van sy Naam, en dit is deur sy wysheid en krag dat ons op vlerke soos 'n arend bo die storms van die lewe kan sweef.

## Lize (Geestelike leier)

Atlete vir Christus

As iemand vir my vra wat my opgewonde maak van AVC, dan is dit byna onmoontlik om die impak van hierdie uitreik in ń paar woorde om te sit. Die stilte, die geselsies langs die pad, elke liedjie en elke glimlag, dít getuig van God se nabyheid in en om ons. AVC vir my is ń uitreik van sorgeloosheid, om my wêreld agter te los en in ander mense se wêrelde in te tree. Om dan ook toe te laat dat hul storie die idee van my storie kan transformeer.

Hierdie jaar is my derde uitreik as ń Atlete vir Christus spanlid. Dit is een groot voorreg om dit saam met Jano en Beatri aan te pak, en dan om nie eers te begin met die span wat al familie is nie.

Ek bid vir elkeen wat hierdie jaar saam reis, of dit as ń spanlid is, ń gemeentelid langs die pad, selfs ń oud-atleet of gesinslid op die saamtoergroep, dat elkeen se STORIE aangeraak sal word deur AVC 2026. Dankie vir julle almal se hande wat ons dra. We love you with the love of the Lord.

aHoe!




**Kara Hutten**

Bloubergstrand
Jesaja 43:1

"I know where I'm going, and I know who is going with me…" So klink die eerste paar woorde van die Atlete vir Christus-spanlied. Dit is ook hierdie woorde wat by my bly terwyl ons as span dink, beplan en droom oor die 2026-toer.

Atlete vir Christus is 'n uitreikaksie wat al vir meer as 50 jaar van dorp tot dorp beweeg. Dit is 'n ongelooflike voorreg om as deel van die 2026-span 'n bydrae te kan lewer tot hierdie besonderse inisiatief. Dit is nie net 'n roeping om as dissipels van Jesus Christus te getuig nie, maar ook 'n diep hartsbegeerte van elke spanlid.

Die mooi van 'n inisiatief soos Atlete vir Christus lê nie net in die hardloop en die saam sing nie, maar veral in die getuienis wat daarmee saamgaan. Terwyl 'n groep studente van dorp tot dorp beweeg om bemoediging en getuienis te bring oor wie Jesus is en wat Hy reeds in ons lewens gedoen het, is dit dikwels die dorpe en die mense wat ons besoek wat óns met hoop vul. Daarom, selfs te midde van onsekerhede op ons pad, weet en vertrou ons dat ons gelei word.

Hierdie pad is vir my ook 'n persoonlike reis van groei. Ek is 'n finalejaar-teologiestudent, besig met my lisensiaatjaar voordat ek die bediening as gelegitimeerde predikant betree. In hierdie tyd probeer ek soveel moontlik leer en ervaring opbou. Tog glo ek vas in roeping, en dat Atlete vir Christus 'n kosbare deel van myne is.

Saam met 'n ongelooflike span atlete, sangers en persoonlike werkers is ons werktuie waardeur God hoop bring, maar ook mense aan wie God hoop bring. Later in die Atlete vir Christus-spanlied word daar gesing: "I'm going where He goes, and He'll be there beside me…" Ons gaan waar Hy ons lei, en Hy is altyd by ons. Mag julle as gemeente en dorp dit ook altyd onthou.

# Boodskap van Moedergemeente Stellenbosch

Dit is my voorreg om vir die afgelope 11 jaar 'n pad te stap saam met die Uitreikaksies van ons gemeente. Wat my veral opval van die leiers van hierdie aksies, is hul roepingsbewustheid, toegewydheid en energie waarneem hul studente begelei. Behalwe vir die aksies wat deurlopend deur die jaar betrokke is in ons gemeenskap, is daar ook bepaalde uitreike wat plaasvind gedurende die Junie/Julie vakansie: Lesotho Hoop Projek, Transkei Werkersaksie, en Atlete vir Christus. Ons glo dat elkeen van hierdie aksies gestalte gee aan ons visie—om 'n Rivier van Lewende Water te wees—'n rivier wat wyd vertak en oral hoop bring.

Atlete vir Christus is 'n tradisieryke aksie wat vanjaar hul 51ste bestaansjaar vier. Die geld wat hierdie aksie insamel maak landwyd 'n groot verskil in die bediening aan gevangenes in tronke. Dit is 'n diverse span wat hul visie gestand doen — "Ons hardloop, sing en gesels Christus" — 'n groep wat bestaan uit atlete, sanggroeplede en persoonlike werkers wat met passie en oortuiging hulself sien as medewerkers in God se Koninkryk.

Ons wil dankie sê dat julle hul bystaan met jul gasvryheid en omgee. Sonder dit sou hierdie uitreik nie moontlik gewees het nie. Soos Paulus dit so mooi stel: "Moenie moeg word om goed te doen nie" (2 Tess 3:11). Ons gebed is dat dit vir julle as gemeenskap 'n verrykende ervaring sal wees om saam met hierdie besondere groep studente tyd te spandeer.

Groete in Christus,



Irénée Heyns
Predikant:
Studentebediening

Ontmoet ons

# SANGSPAN




**Esta Engelbrecht**
Caledon
*BSc Wingerd*
*en Wynkunde IV*
Spreuke 31:26

Wat 'n voorreg is dit nie om die Here te kan loof en prys nie?
Sjoe, die opwinding in my raak by die dag meer met elke trappie van voorbereiding wat ons klim. Nie net kan ek vir 'n tweede keer die Here se Naam langs die pad verkondig nie, maar ek het ook die voorreg om dit met hierdie klomp AMAZING mense te doen. Dit maak my opgewonde om die Here te kan dien met die talente waarmee ek en die span geseën is en om te sien en te hoor watter invloed dit op die mense om ons het. Ons repertoire hierdie jaar is lekker groot en bemagtig ons om almal se musieksmaak te bevredig. Ons herwin 'n paar van die vorige jare se treffers, maar daar is ook 'n paar nuwe nommers op ons musieklys. En natuurlik is daar ook plek vir 'n kitaar.
Ek is bitter opgwonde vir toer en kan nou nie meer wag nie. Mag ek nooit gewoond raak aan hoe awesome ons God is nie.







**Lieben Bester**
Port Elizabeth
*BscAgric Wingerd*
*en Wynkunde II*
Johannes 15:5

**Elri Mulder**
Paarl
*Bedryfsingenieurswese II*
Jesaja 41:10

**Karla Rossouw**
Ladismith
*BA Regte II*
Fillippense 4:8

# Ontmoet ons

# SANGSPAN







**Beatri Turner**
Windhoek
*BSc Menslike Wetenskappe met Sielkunde Ili*
Johannes 1:5

**Hilly Meyer**
Struisbaai
*Entrepreneurskap I*
Romeine 10:9

**Leilani van Niekerk**
Roodepoort
*BDiv Teologie II*
1 Samuel 16:7







**Daniel van Zyl-Smit**
Oos-Londen
*Megatroniese Ingenieurswese II*
Psalm 20:7

**Anke Venter**
Worcester
*Plant en Grondkunde II*
Sefanja 3:17

**Elaine Human**
Somerset-Wes
*BRekLLB III*
1 Kronieke 16:11

# Ontmoet ons
# ATLETE




**Christian De Jager**
Strand
*Bcom Wiskundige Wetenskappe III*
Psalm 91:1-2

Wat 'n voorreg is dit nie om weer deel te kan wees van Atlete vir Christus nie! Weer deur ons mooi land te kan hardloop en die Woord met verskillende mense van alle kante van die lewe te kan deel.

Ek sien regtig uit  om hierdie jaar die pad saam met die atlete aan te durf en is seker daarvan dat elke tree, waardeer en geniet sal word. Die voorbereiding is al sterk aan die gang en die opwinding loop hoog vir dit wat voorlê. Ek bid dat almal die hand van ons Hemelse Vader sal kan beleef en net só ook in sy lig te kan wandel.

AHOE!



**Adriaan Theron**
Pretoria
*Megatroniese Ingenieurswese II*
Josua 1:9



**Daniël Prinsloo**
Strand
*BScAgri Veekunde II*
Daniël 10:19



**Kyanti Greyling**
Stellenbosch
*BRekLLB IV*
Spreuke 3:5-6

# Ontmoet ons

# ATLETE



**Robert Orrock**
Aliwal Noord
*BCom Finansiële Risikobestuur IV*
Josua 1:9



**Zani Maritz**
Wellington
*BA Omgewingsbestuur en Ontwikkeling III*
1 Johannes 4:10-14



**Hugo Bruwer**
Ashton
*BSc Rekenaar Wetenskap: Data Wetenskap III*
Markus 11:24



**Rohan van Loggerenberg**
Somerset-Wes
*Data Wetenskap II*
Spreuke 16:3



**Jano Reynolds**
Jacobsbaai
*Elektries en Elektroniese Ingenieurswese III*
Josua 1:9



**Elza de Kock**
Napier
*Bcom Aktuariële Wetenskap III*
2 Korintiërs 4:16

Ontmoet ons

# PERSOONLIKE WERKERS



**Lize Taljaard**
Centurion
*BDiv Teologie II*
Handelinge 5:38-39



**Rene Voigt**
Paarl
*BCom Bedryfsielkunde III*
Jesaja 41:10



**Mieke Reynolds**
Jacobsbaai
*BCom Bedryfsielkunde I*
Hebreërs 13:5



**George de Kock**
Napier
*M(Eng) Bedryfsingenieurswese V*
Psalm 114:1

# Meer oor Bybel-Media

Bybel-Media

Bybel-Media is 'n inspirasievennoot wat mense aanmoedig om op die Jesus-weg te groei en die evangelie met oorgawe te leef. As deel van hul bediening fokus Bybel-Media op die verspreiding van hoop en geestelike groei deur middel van spesiaal ontwikkelde Bybelmateriaal, ook binne die tronkomgewing.

Met hul bediening aan gevangenes het hulle al 'n tasbare verskil gemaak in die lewens van sowat 170 000 gevangenes in 226 Suid-Afrikaanse tronke. Hierdie bediening sluit onder meer Bybelverspreiding, korrespondensie-berading in moedertale, en kursusse in agt verskillende tale in. Deur die betrokkenheid van vennote soos Atlete vir Christus, kan Bybel-Media voortgaan om nuwe boeke aan te bied en hierdie belangrike bediening verder uit te brei.

Atlete Vir Christus en Bybel-media stap al 'n lang pad saam, maar ons impak is gedrewe deur die oop harte van die gemeenskappe wat ons besoek. Elke bydra help besonders baie en ons waardeer opreg elke donasie.

**Verander die lewe van gevangenes en bring hoop deur spesiaal ontwikkelde materiaal**

**96%** **VAN GEVANGENES** in **226 tronke** ontvang bediening in die vorm van **BOEKE VAN NBI**

Die impak van hierdie bediening is feitlik onberekenbaar.

NBI se **SPESIAAL ONTWIKKELDE MATERIAAL** maak 'n ongelooflike verskil in die lewe van **±170 000 gevangenes** in Suid-Afrikaanse tronke

**500 gevangenes** het die afgelope boekjaar gebaat by die persoonlike aandag van NBI se **pastorale beraders en raadgewers** wat ondersteuning bied deur **KORRESPONDENSIE-BERADING IN HULLE MOEDERTAAL**

**18 NBI-TRONKBEDIENINGS-KURSUSSE** in **8 verskillende tale*** maak 'n sigbare verskil in die lewe van gevangenes wat hulle lewe en toekoms positief wil verander

**Engels, Afrikaans, Xhosa, Zoeloe, Suid-Sotho, Noord-Sotho, Portugees en Tswana.*

Deur die welwillendheid van **Atlete vir Christus** word fondse ingesamel om NBI se volgehoue pogings om nuwe boeke uit te gee en te vertaal ondersteun. Só word die impak van hierdie uiters belangrike bediening verbreed.



# Herinneringsfoto's 2025



# Herinneringsfoto's 2026



# Sangspan liedjies

- Come Holy Spirit
- Raise A Halleluja
- Die Seën
- In Die Hemel Is Die Heer/ Al Julle Volke
- Onvergelykbare God
- Ukuthula
- Laat U Wil
- Prys die Heer
- Lofsing die Here
- For The One
- Gratitude
- O Heer My God



# Spanlied

I know where I'm going and I know
who's going with me.
I know who writes the music in the stillness
of the morning.
I've found a wealth of gold and silver have I
plenty.
I have a light to guide me when the road
is dark and stormy.

Where are you going? Who will walk beside
you?
When the night is gloomy, where is the light to
guide you?
And where's your gold and your silver brightly
shining?
Who writes the music in the stillness of the
morning?

I'm going where He goes and He'll be there
beside me.
The love, for which He died, is all I need to
guide me.
And He's my gold and my silver, brightly
shining.
He writes the music in the stillness of the
morning.

Ek wil vir U dank, Heer vir u liefde en u genade.
U is n troue Leidsman en beskerm my teen
gevare.
U is die Weg, die Waarheid, die Lewe - U is my
vrede.
Help my om U te volg, Heer, in 'n wêreld vol
probleme.
U is n sterke Rots. Aan U kan ek my lewe gee.
Maak my aan U gehoorsaam om te wandel in
U weë.
U is getrou, regverdig en almagtig
U ken my hart Heer, daarom bid ek om U seën

Amen

# Atletelied

Ons maak ons los van wat agter is
En strek ons uit na voor.
Met U sal ons die wedloop nooit verloor.
Ja, voor U buig ons neer,
U's ons skepper, U's ons Heer.
Daarom sing, gesels en draf ons tot U eer

Ons is Atlete vir Christus. Ons hier om U te
dien.
Maak ons bereidwillig,
maak ons oë oop om te sien.
Sodat ons u Naam kan uitdra,
U woord te kan versprei.
Met nederigheid en liefde, en U aan ons sy.

Elke las gooi ons af Heer,
elke sonde wat ons keer.
Om U te dien en ander ook te leer.
Met volharding wil ons hardloop,
net by U kry ons die krag.
Daarom sing, gesels en draf ons elke dag.

Heer, met passie wil ons U navolg
Met ons lewens aan U gewy
En ons doen dit met die wete
U't vir elk van ons gely.

Ons is Atlete vir Christus ons hier om U te dien.
Maak ons bereidwillig,
maak ons oë oop om te sien.
Sodat ons u Naam kan uitdra,
U woord te kan versprei
Met nederigheid en liefde, en U aan ons sy.
Met nederigheid en liefde, en U aan ons sy.

AHOE!

# Baie dankie vir u ondersteuning



Bydraes vir evangelisasiewerk kan gemaak word aan:

**Maak gerus van Snapscan gebruik indien jy 'n dankoffer wil maak.**

NG Kerk Stellenbosch
Nedbank
Rek: 1498043232 (Tjek)
Takkode: 149821
Verwysing: AVC BORG

## Dankie Aan Ons Borge

Oranje Print & Packaging

STELKOR PHARMACY · APTEEK

REVIVE DAILY ELECTROLYTES